

31 Desember

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:8-16

Fokusgedeelte: NGB, Art 37

Christus se terugkoms – die blywende verlange

Hemerverlange is deel van elke gelowige se lewe. Dis 'n klein saadjie wat met die ouderdom groei en al hoe sterker word. As 'n mens lank genoeg lewe word dit die dominerende behoefte in jou bestaan.

Hemerverlange WORD GEPLANT in geloofsoorgawe. Dit begin die dag as jy met God se beloftes gehoorsaam die geloofsreis aanpak, wegtrek van 'n sondeverlede, agter Jesus aan, sonder om te weet waar jy sal uitkom (vers 8). Hemerverlange ONTKIEM deur in vertroue op God hierdie reis van plek tot plek te onderneem. Nie alle plekke is ewe aangenaam nie, maar jy vertrou God as die ontwerper van jou toekoms, as bouer van 'n vaste woonplek op stewige fondamente (vers 10).

Hemerverlange SPRUIT UIT met die weerstaan van elke versoeking om in die geloofsluwe om te draai. Al is daar ruim geleentheid om terug te draai het jy 'n duidelike visie op 'n beter vaderland as wat die sonde kan bied (vers 14).

Hemerverlange GROEI wanneer 'n mens mettertyd begin insien dat jy hier op aarde net 'n vreemdeling en 'n bywoner is. Al meer begin jy juig oor wat jy in die Bybel in die verte sien (vers 13).

Hemerverlange KOM TOT WASDOM die dag as jy moet sterwe, sonder om te verkry wat beloop is (vers 13). Jy sterf egter met die sekerheid dat God deur Christus nie skaam is om jou God genoem te word nie (vers 16). Hy sal sy beloftes waar maak, selfs deur die dood heen!

Hemerverlange DRA uiteindelik sy volle VRUG met die wonderlike terugkoms van ons Here Jesus Christus, saam met die Nuwe Jerusalem, die heerlike stad wat God gereed gemaak het (vers 16).

Daarop wag ons met verlange en met blydschap! *CUM DESIDERIO ET GAUDIO!*

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)